**Saterdag 1 Julie**
**Skrifgedeelte: Genesis 1:24-31**
**Fokusgedeelte: Genesis 1:26-28**
**Die mens as beeld van God: Geskep om te heers!**

Hierdie kwartaal fokus ons in die dagstukkies op die Christen se identiteit. Dit is dan ook gepas om in Genesis te begin. Dit is immers waar ons hoor dat God die mens geskep het – in die besonder na sy beeld. Só vind ons dat God die mens skep met die doel om te heers oor die vis in die see, die voëls in die lug, die mak diere en die wilde diere.

Ons is dus geskep om te heers soos ons Skepper wil hê ons moet heers. Dit is die eerste aspek om na die beeld van God geskep te wees – die vermoë om te heers. Ons heerskappy moet dus nie iets wees wat op ons eie goeddunke berus nie, maar op dit wat God vir ons bekendmaak oor hoe Hy wil hê die skepping gebruik moet word.

Hieroor kan veel geskryf word, maar ons moet die waarheid vashou dat die sondeval 'n radikale invloed gehad het op hierdie heerskappy wat God aan ons opgedra het. In plaas daarvan dat ons heers soos God wil, besluit ons dikwels wat vir ons goed en voordelig gaan wees, en dit vorm dan ons besluite oor hoe om te regeer.

Tog staan ons saam met die digter van Psalm 8 in verwondering oor die feit dat God steeds die skepping aan ons heerskappy toevertrou. Ons mense, wat die hele skepping in verrotting gedompel het deur die sondeval en ons sonde, wat só onbeskryflik klein is in vergelyking met die heelal, kry die genade om na die beeld van God geskep te wees, en om te heers oor hierdie pragtige skepping. Wat 'n genade – selfs al is hierdie beeld van God gruwelik beskadig deur die sondeval.

*Sing: Psalm 8-1:1, 3, 4, 5*

*Ds. KP Steyn (Karel) (Vredenburg/Saldanha)*